# HOOFSTUK VIII

## DIE C.N.O. EN SELFBEHOUD.

### 1. DIE BRITSE KONNEKSIE EN C.N.O.

#### (a) INLEIDING.

Die ondervinding het bewys, dat die Afrikaner se volkskarakter nog baie maklik gewysig kan word, terwyl die Engelse volksaard uiters stabiel is. Fuller sê in "The English Genius" dat nasies nie gou verander nie en dat hul oor honderde jare waarskynlik dieselfde sal wees as vandag, soos hul ook eeue gelede dieselfde was.[1] Ons het die Suid-Afrikaanse "industriële rewolusie" en sy uitwerking op die Afrikaner elders bespreek. Die Afrikaner verengels; die Engelsman bly Engels. Tussen die twee rasse is daar nie veel sprake van samesmelting nie. Daar is wel aanpassing van die Boer by die Brit. En die eindproduk van hierdie aanpassingsproses is gewoonlik minderwaardig. Vulliamy waarsku teen 'n poging tot verengelsing, want, sê hy, 'n man wat sy oorspronklike karakter verloor, kry een wat veel slegter is. Die geangliseerde Waal is selde 'n aangename skepsel.[2] Maar die oorgrote meerderheid van die Afrikanervolk wil nóg verengels nóg saamsmelt. Het hulle dan nie die reg en vryheid om te bly wat hulle is, of om te ontwikkel in die rigting wat hulle wil nie? Laat ons die politieke doel en oorsprong van hierdie eenheidsidee naspoor.

#### (b) BRITSE IMPERIALISME EN C.N.O.

Die sukses van Britse imperialisme is op bedrog van velerlei aard gebaseer. Hierdie bedrog is deels doelbewus en deels onbewus.[3] Die Engelse volkskarakter het veel daartoe bygedra om 'n wêreldryk te stig. Die Engelsman se voorkoms en sosiale gedrag, dra die stempel van meerderwaardigheid. So'n sterk indruk maak sy kalme waardigheid en selfbewuste krag, dat vyf Afrikaners soms, selfs vandag nog, die taal van die een Engelssprekende sal praat, al het hy ook oorvloediglik die

1): Aldaar, 144.
2): Vulliamy: Rocking Horse Journey, 69.
3). Dokumentering van alle feite wat hier nie gedokumenteer is nie, is in Hoofstuk 11, para. 2 te vinde.

geleentheid gehad om Afrikaans te leer. As hy hul met nederbuigende vriendelikheid bejeen, is hul harte verower.

Die Engelsman se onwrikbare selfvertroue werk aansteeklik. Sy onvermoë om hom selfs die moontlikheid van neerlaag voor te stel, of om enige goed in enige ander leefwyse te vind, gee hom die cachet van die regeerder en het hom in staat gestel om politieke oorheersing te verkry, oor 'n kwart van die wêreld se bewoonbare oppervlakte. 1) Die feit dat hy weier om die ander se taal te praat en dat hy hom nie steur aan enige kritiek nie - alles dra die stigma van belangrikheid en superioriteit. Selfs die Engelsman se vergeetagtigheid van alles wat nie betaal om te onthou nie, kom hom goed te staan.2) Van nog groter imperialistiese waarde is sy " vergewensgesindheid". " ..... few things can be more maddening than the cheerful English forgiveness of the trespasses committed against others".3)

Hy glo met 'n onwankelbare geloof aan die die intrinsieke waarde van die lidmaatskap van die Britse Ryk en die groot diens, wat hy die verowerdes bewys,4) want die gemiddelde Engelsman vind dit gemakliker om hom 'n Engeland sonder enige buurlande voor te stel, as die wêreld sonder 'n Engeland. 5) Baldwin meen dat die Brit geweier het om enige rede te verstaan of feite aan te neem, maar koppig volgehou het, dat snobbisme Britse dominasie in Asië kon handhaaf. 6) Die Brit glo dat lidmaatskap van die Britse Ryk 'n waarborg van vryheid is.7) Hy sal dit nooit glo dat hy enige wandade gepleeg het nie. "Are we not the most God-fearing, the most humane, the most just and the most Christian nation? they say to themselves; then how is it possible that we can have murdered, starved, driven into exile, robbed, bribed and pompously maltreated our brother Irshman?" 8)

1). Baldwin: God's Englishman, 11.
2). Brogan: The English People, 245.
3). Ibid, 246.
4). Brogan, The English People, 172.
5). Ibid, 26.
6). IBaldwin:-God's Englishman, 222, 223.
7). Ibid, 231.
8). Collier: England and the English, 311.

Hoe gerieflik en waardevol hierdie houding is, het die Afrikaner se geskiedenis bewys.

Die Engelsman neem eenvoudig aan, sonder om te redeneer en sonder enige notisie te neem van teenstrydige kritiek, dat hy 'n seën vir die mensheid is en as sy onderdaan nie saamstem nie, is hy verontwaardig. Niemand kan meer verontwaardig wees as die Engelsman nie. Rose Macaulay het 'n hele verhandeling geskryf oor die Engelsman se "Moral Indignation".[1] Die Britse patriot se verontwaardiging styg ten hemel, maar nie oor Britse wandade nie. " In the British patriot, self congratulation and indignation with persecuting foreigners furiously rage together; his blood boils over with them," [2] maar wanneer 'n Emily Hobhouse vir die boerevrouens en-kinders partydig is, is dit nie "moral indignation" nie, maar pro-enemyism. [3]

'n Ander groot bate vir die imperialistiese saak is die karaktertrek van die Brit om sy "moral indignation" tot sy eie voordeel aan te wend. Dit styg die hoogste oor die "ondankbaarheid" van diegene wat ontevrede is met die "vryheid" wat hulle onder die Britse vlag geniet. [4]

Mens moet die verbasende veronderstelling glo, dat Engeland meer vir die wêreld gedoen het, as enige ander medium.[5] "They look upon themselves as sentinels of a sort of Anglican Almighty, whether at home or abroad."[6]

Die Britse Ryk is op huigelary gebou. Tewens, Baldwin meen dat huigelary 'n noodsaaklike euwel is, vir Britse internasionale betrekkinge. [7] Die Engelsman noem dit "fair play", maar hy is self die beoordelaar van wat "fair play" is of nie is nie. [8] "When he interfered between tyrant and slave, when he went forth to conquer savage persons and to annex savage lands, which somehow invariably flowed with milk and honey, he made a point of doing it with the air of a philanthropist, and for centuries the world took him at his own estimate.

1): Macaulay in The English Genius.
2): Ibid, 176.
3): Ibid, 179.
4): Bridie en McLaren: A Small Stir, 138.
5). Collier: England and the English, 75.
6). Ibid, 357.
7). Baldwin: God's Englishman, 124.
8). Collier, England and the English, 305.

Even in the late war ( Die Tweede Vryheidsoorlog) the great cry was that he did not want gold-mines. As a general rule he never wants anything; but he always gets it. It is only of late that the world has begun to find him out."[1] Hierdie boek het in 1903 verskyn, maar baie Afrikaners het die Engelsman en sy politiek nog nie leer ken nie.

Collier sê dat by die Engelsman dit dominasie is of niks ( die dominasie word baiekeer voorgestel as "Beskerming": ) dominasie deur kompromie, onsmaaklike bondgenootskappe, omkopery, intrige, geweld, maar niks minder as dit nie. Hulle kan op geen ander manier met ander volke saamleef nie. Hulle glo dat die wêreld behoort aan diegene wat hom vat. Hul verdring jou, dring deur tot die uiterste eindes van die aarde, eien alles toe, veg vir alles. As hul jou nie kan oorwin nie, laat hul jou staan, maar nimmer sal hul met jou op gelyke voet saamleef nie. [2]

Brogan sê dat gedeeltes van die Britse Ryk gestig is deur persone, wat dit geen oordrywing is om as seerowers te bestempel nie - so lank as mens onthou dat seerowery dikwels 'n heeltemal respektable manier van handel was, [3] en sommige is veral hoog geëer deur haar majesteit koningin Elisabet 1.

Engeland het min te vrees gehad vir ernstige mededinging gedurende die 19e eeu. McNeill sê dat daar nou 'n nuwe era in die Britse koloniale politiek aangebreek het. Die tyd van gryp en hou wat jy het, [4] is verby. Die Engelsman se behoud is nou om dit wat hy het, te behou. "He is now of opinion that he and his sturdy children overseas should be "knit together in bonds of closer unity", "to present an unbroken front to the world" "should shave the glories and burdens of empire ......" " [5]

Dit is ook die toestand in Suid-Afrika. Die hele ekonomiese, maatskaplike en kulturele struktuur is verbonde aan die imperialisme. As die Afrikaner wat dit nog nie is nie, verengels moet word, moet daar teen Christelike-

1). McNeill: The Egregious English, 196.
2). Collier: England and the English, 309.
3). Brogan: The English People, 141,
4). Sien ook Middleton: The Rape of Africa.
5). McNeill: The Egregious English, 198.

Nasionale onderwys gewaak word en is parallelmediumskole die aangewese middel.

En so kan ons die grondoorsaak van die eeu oue stryd in één woord opsom: imperialisme. Daarmee kon ons hierdie verhandeling paslik afgesluit het, maar by die Britse imperialisme, soos die Afrikaner daaronder gely het in kerk, skool, ekonomie en nasionalisme, moet nog iets van die Britse geskiedenis gesê word.

## 2. DIE BRITSE GESKIEDENIS EN DIE BRITSE "MEERDERWAARDIGHEID".

Die Afrikaner ly aan 'n moeilik geneesbare geestelike siekte: 'n minderwaardigheidskompleks. Die enigste manier om so'n krankheid te genees is eerstens om die pasiënt volledig omtrent die oorsake van sy eie toestand in te lig, tweedens om die oorsake daarvan te verwyder en derdens om gesonde toestande te skep sodat die pasiënt geestelik opgebou en versterk kan word. Die vernaamste faktor in hierdie heropbouing is C.N.O., soos in die volgende deel van hierdie hoofstuk bespreek.

Deel van die openbaarmaking wat moet lei tot sy genesing, is dié fase van die Britse geskiedenis, wat minder bekend is aan die gewone man. Toe die Boer se minderwaardigheidsgevoel teenoor sy veroweraar ontwikkel het, was hy diep onder die indruk van Brittanje se grootheid en roemrykheid. Die Engelse skool in Suid-Afrika het hierdie indruk laat wortel skiet en saad skiet. Wat hier volg is geen opsetlik eensydige en dus valse voorstelling van die Britse geskiedenis nie. Dis bedoel om 'n aanvulling te wees; om die Afrikaner se eensydige kennis daarvan te balanseer. Ons wil net probeer bewys dat die Afrikaner 'n beklaagde volkie was, lank voor die Engelse dit was en dat die minderwaardigheidsgevoel teenoor die Engelsman absoluut vals was en is, want laasgenoemde is nie meerderwaardig nie., Die motief is nie om die Brit te verneder nie; ook nie om die Afrikaner te verhoog nie: dis die openbaring van die waarheid, die waarheid wat die Afrikaner in staat sal stel om die relatiewe volkswaardes te kan bepaal; die waarheid wat hom sal laat besef dat bewondering en verheerliking van die Brit en die Britse ryk op 'n leuen gebaseer was en is en dat sy eie inferioriteitskompleks uit dieselfde leuen ontwikkel het. En as ons ons volkseie ge-

leidelik moet prysgee moet ons weet aan wie.

Deur kennis van die Britse geskiedenis leer ons ons eie verstaan en waardeer. As ons die Britse sosiale geskiedenis ken, sien ons die Slagtersnek-ramp, bv. in 'n nuwe lig. Vanuit die Engelse oogpunt beskou, was dit 'n uiters onbeduidende alledaagse voorvalletjie.

Vulliany sê dat die groot tydperk van Engelse hangery 1) waarskynlik van 1720 tot 1820 was. Mense is vir beuselagtigheid opgehang. Die diefstal van 'n hemp, 'n sakdoek, 'n paar sjielings of 'n stukkie materiaal kon jou galg toe gestuur het. En die alternatief, om na die Wes-Indiese Eilande gestuur te word, was veel erger as "dancing the Paddington frisk". Die adel, geestelikes en vrouens is saam met moordenaars en rampokkers opgehang. Heeltemal demokraties. In 1791 is twee veertienjarige seuntjies gelyktydig opgehang.

Tyburn was tot 1783 die populêrste galgplaas. Dit was gerieflik geleë vir die lang prosessie van Newgate. Aan hierdie prosessie het ook mense uit die hoogste sosiale klasse deelgeneem. Die lagwekkende en afgryslikheid van die skouspel het die dorp van hoog-gewaardeerde spanning voorsien. Daar is nooit on die Londense vermaaklikhede enigiets so algemeen toegejuig, as hierdie grillige episodes nie. Die ruk, die val, die stuiptrekkings van die liggame, was nie die enigste vermaaklikheid nie. Kwaaddoeners wat deur herhaaldelike aanskouing die kuns geleer het, het woes in die lug opgespring, wanneer die kar onder hulle uit beweeg het, hopende om sodoende die verskrikking te voorkom van geleidelik dood te wurg.

Massingham skryf dat die buitengewone moorddadigheid, waarmee die nuwe werkersklas behandel is, blyk uit 'n onvolledige lys, wat versamel is in een distrik in die Cotswolds: In 1816 is veertig mense op één dag opgehang; in 1800 is ses vrouens in die publiek geslaan vir "hedge-pulling" totdat die bloed van hul nakte rûe gestroom het; in 1832 is 'n skaapwagter vir leeftyd gedeporteer omdat hy, soos die gewoonte was, 'n dooie skaap gekook het; in 1821 is drie manne opgehang, omdat hulle 'n sak meelblom en 'n bietjie spek gesteel het; in 1809 is 'n man tot veertien jaar deportasie gestraf vir die steel van 'n plank. 2)

1). Vulliamy: Rocking Horse Journey, 50 et seq.
2). Massingham: The English Countryman, 69.

Die Brit het relatief baie min Afrikaners opgehang.

Die armoede van die Engelse werkersklas was tot laat in die neëntiende eeu definitief erger as die van die Afrikaanse kleurling van dieselfde tydperk. Laasgenoemde het, as hy wou werk, tenminste genoeg gehad om te eet. Hul lewenslot en -peil het baie ongunstig met die van ons huidige kleurlinge vergelyk. Massingham haal aan uit Locke, Barnes, Cobbett en Kingsley. Hier volg 'n beskrywing van die " opstandelinge" van 1831: "As we pushed through the crowd I was struck with the wan, haggard look of all faces; their lack-lustre eyes and drooping lips, stooping shoulders, heavy dragging steps, gave them a crushed, dogged air, which was infinitely painful and bespoke a grade of misery more habitual and degrading........" 1)

Teen die middel van die 19e eeu het die werkersklas in sulke krotte gewoon: "Look at these hovels made of mud and of straw; Bits of glass or of old cast-off windows, without frames or hinges frequently, but merely stuck in the mud-wall. Enter them and look at the bits of chairs or stools; the wretched boards tacked together to serve for a table; the floor of pebble, broken brick or of the bare ground; look at the thing called a bed, and survey the rags on the backs of the wretched inhabitants; and then wonder, if you can, that the gaols and dungeons and treadmills increase, and that a standing army and barracks are become the favourite establishments of England."2)

Dit is hierdie mense se landgenote wat Suid-Afrika verower het, wat soos elders ryklik gedokumenteer, so op die Boer neergesien het en wat deurgaans verwag het, dat ons hul baie dankbaar moes wees vir die beskawing en vryheid wat hul meegebring het.

Maar laat ons afstap van die Engelse sosiale geskiedenis en 'n paar feite uit die geskiedenis van Ierland opnoem. 3) Ons laat die Suid-Afrikaanse ketting van Britse skandale opsetlik weg.

Vanaf 1155 toe die pous Ierland aan Hendrik ll van Engeland present gegee het, was daar 'n reeks botsings, afgewissel deur hongersnood, pes en slagting. Die Ier was

1). Manningham: The English Countryman, 68.
2). Ibid, 68.
3). Hierdie uittreksel is ontleen aan Collier: england and the English, 276-293.

nie onder die beskerming van die Engelse reg nie en om hom te vermoor was soos die doodslaan van 'n hond. Vierhonderd jaar na die eerste inval is die Iere vir die eerste keer onderwerp. Hul gronde is gekonfiskeer en aan Engelse en Skotse setlaars gegee, hul is om hul Katolieke geloof vervolg en uitgedelg. Gedurende Elisabet se regering is oeste, beeste en huise opsetlik verwoes om hongersnood te veroorsaak. Duisende mans, vroue en kinders het van honger omgekom. In 1641 het hul weer in opstand gekom totdat hul in 1652 deur Cromwell onderdruk is. Tussen hierdie twee datums is 616,000 van die 1.466.000 Iere deur die Engelse uitgedelg, en die land is weer aan die Protestanse setlaars gegee. Cromwell, bekend as een van die grootste Engelse Christene, se oplossing was eenvoudig grootskaalse slagting en die deportasie van miljoene, baie waarvan as slawe in die Wes-Indiese Eilande verkoop is. Duisende is van hul grond beroof en aan hul lot oorgelaat. 'n Sekere Lord Kanselier het beweer dat die wet nie so'n persoon as 'n Ierse Katoliek veronderstel nie. As hul onderwys gegee het, is hul gedeporteer. As hul betrap is dat hul teruggekom het, is hul gedood. Die verraaier het 'n vasgestelde fooi ontvang: £ 20 as hy 'n ongeregistreerde priester uitgelewer het en £ 50 vir 'n biskop. By Drogheda het Cromwell die hele populasie van die dorp, mans, vrouens, kinders en geestelikes laat uitwis. Op ekonomiese gebied het dit gelyk of die Britse beleid was om Ierland tot onderwerping te verhonder. Die vraggeld op eiers van Normandie na Londen was 16s8 d per ton, van Denemarke 24 s, van Galway in Ierland 94 s; botter van Antwerp 22 s, van Tipperary 35 s per ton.

Vergelyk die populasie van Skotland en Ierland respektiewelik:

| | Skotland | Ierland |
|---|---|---|
| 1841 | 2,640,184 | Oor die 8,000,000 |
| 1901 | 4,472,103 | 4,458,775 |

Die twintigste eeu, met sy nuwe begrippe van vryheid en demokrasie, het die Iere miskien van algehele uitroeing gered.

'n Interessante parallel kan tussen die Suid-Afrikaanse en Ierse geskiedenis getrek word: die rol wat die kapitaliste gespeel het; die uitdeel van eretitels;

die verdrukking van die taal; die feit dat 'n nietige minderheid vir jare lank die meerderheid verdruk het; [1] die verdeel- en - heers politiek [2] en selfs die Britse oerlogstaktiek.

Daar is min skoolkinders wat nie van die "Black Hole of Calcutta" weet nie. Daar is baie min mense wat van die skandelike Britse wandade in Indië weet.[3] Warren Hastings het Britse soldate aan die Nawab van Oudh verhuur om hom in staat te stel om die Rohillas, wat aan Engeland geen kwaad gedoen het nie, te verower. Hierdie mense se land is verwoes en onbeskryflike wreedhede is teenoor hulle gepleeg. Die Engels-Oos-Indiese-Kompanjie het geld nodig gehad. Hastings het Chait Singh, 'n Indiese vors, teen 'n vasgestelde som geld beskerming beloof, 'n Kontrak is aangegaan waarin Hastings gewaarborg het, dat geen addisionele eise hoegenaamd ingestel sou word nie. Maar Hastings het nog geld nodig gehad. Hy het nóg geld en nóg geld, perde en manskappe geëis en toe Chait Singh nie langer kon betaal nie, is die man met die kontrak van Britse beskerming, deur die Britte gearresteer en verban. Hy het offisieel roof gepleeg op die skatte van die weduwee en die moeder van sy ou vriend Shuja-ud-daulah. Britse troepe is vir die doel gebruik, die vorstinne se lyfbediendes is gevangegeneem, uitgehonger en geslaan of met slae bedreig, totdat die skatte uitgelewer is.

Brittanje het geld nodig gehad en die Oosterlinge is lief vir opium, " His Majesty's government licences opium dens in Hong Kong, the Straits Settlements and Ceylon, and in certain other crown colonies, deriving a considerable income therefrom. In 1907 there were in Singapore alone 97 licensed shops for the retail of chandu (opium prepared for smoking); and 449 rooms licensed for smoking it. This is cold-blooded drowning of honor in selfishness." [4] Collier wys daarop dat hierdie inkomste nie direk in die Britse skatkis gegaan

1). O'Brien: Irish Memories, 127, 128.
2). Ibid., 53.
3). Die volgende feite is ontleen aan: Majumdar e.a. " An Advanced History of India, 692-697.
4). Collier: England and the English, 89,90.

het nie, maar wel indirek.

Die noem van hierdie paar feite kan 'n wanindruk skep. Dit mag lyk of dit al is, want, vra Langenhoven, wie wys op enkele gaatjies in 'n sif en spog daarmee? Maar daar is baie boekdele oor die dinge geskryf. In Suid-Afrika kan ons veral onthou hoe afgryslik wreed die Engelse slawehandel uitgevoer is en hoe hulle harte gebloei het vir dieselfde slawe, nadat hulle verkoop is.

Met die uitbuitingsgeskiedenis as agtergrond en in die lig van Britse imperialisme kan ons nou die C.N.O. bespreek.

## 3. CHRISTELIK - NASIONALE ONDERWYS.

### (a) INLEIDING.

Die eerste periode ( 1795 - 1845) het afgesluit met die wegbreek van die Voortrekkers om hul ras, taal tradisies, volkskarakter en godsdiens in die noorde te gaan suiwer hou. In moderne tye nader die Afrikanervolk die afsluiting van 'n tydperk van stryd om taalvryheid, godsdienssuiwerheid en behoud van die volkskarakter. Die natuurlike en noodsaaklike volksdaad, wat hierdie periode van stryd moet afsluit, is die toepassing van die beginsel van Christelike nasionalisme. Daar moet om God en volk se ontwil 'n nasionale poging aangewend word om weg te breek van vreemde ondermynende invloede van "broadminded" godsdiens, onsedelike lektuur, uitspatlike kleredrag, skemerpartytjies, Sondagsport, perderesies, verheerliking van die goedkoop rolprentster en haar kaal liggaam en die bywoning van nagklubs. Die vernaamste fase van hierdie eindpoging is die toepassing van Christelik-Nasionale Onderwys, soos uiteengesit deur die I.C.N.O.[1)]

Die vraagstuk van C.N.O. behels die hele politieke, godsdienstige, maatskaplike en kulturele gebied soos in hierdie verhandeling bespreek. Die I.C.N.O. wil Afrikaansmedium skole hê, waarin suiwer Calvinistiese en nasionale beginsels in die gees van die Voortrekkers uitgeleef sal word. Die Afrikanerjeug moes nog steeds hul Afrikanerskap stroom-op handhaaf. Die I.C.N.O. wil 'n suiwer stroom van Christelike nasionalisme skep, wat ons jeug sal meevoer tot burgerskap van Voortrekkersgehalte.

1). F.A.K.: Christelik-Nasionale Onderwys, uitgegee deur die Instituut vir Christelik-Nasionale Onderwys.

(b) DIE I.C.N.O. - BELEID.[1)]

Hier volg 'n uittreksel van die C.N.O.-beleid soos uitgegee en opgestel deur die Instituut vir Christelik-Nasionale- Onderwys.

"Ons glo dat die huis, die skool en die kerk die drie plekke is waarin ons nasie gekweek word en derhalwe 'n drievoudige snoer in die onderwys en opvoeding is en dat hulle mekaar moet aanvul, sodat elkeen sy regmatige aandeel in die vorming van die kind kry.

"Ons glo dat die onderwys en opvoeding van die kinders van blanke ouers op die grondslag van die lewens- en wêreldbeskouing van die ouers moet geskied. Vir Afrikaanssprekende ouers beteken dit dat hulle op die grondslag van Christelik- Nasionale lewens- en wêreldbeskouing van ons nasie opgevoed moet word.... Die Christelike grondslag van hierdie lewens- en wêreldbeskouing is op die Heilige Skrif gegrond en in die belydenisskrifte van ons drie Afrikaanse kerke uitgedruk. Onder die nasionale beginsel verstaan ons liefde vir alles wat ons eie is, met spesiale vermelding van ons land, ons taal, ons geskiedenis en kultuur.

"Ten einde die lig van die Godsopenbaring, wat in die skrif vervat is in die skool te laat skyn, glo ons dat godsdiensonderwys ooreenkomstig die Bybel en die Belydenisskrifte, die sleutelvak op skool moet wees.

"Afgesien van die gemeenskaplike eienskappe wat elke kind met alle kinders uit alle volke gemeen het, daar ook die nasionale eienskappe is, wat erken en eerbiedig moet word.

"Die moedertaal is die belangrikste sekulêre vak op skool..... met die aanleer van die ander amptelike taal kan daar eers 'n begin gemaak word nadat die kind in sy moedertaal behoorlik gefundeer is en 'n grondige begripskennis daarvan gekry het.

"Ons glo dat daar ten minste twee soorte skole vir laer en middelbare onderwys moet wees, die een vir die kinders van die Afrikaanssprekende ouers met hul gemeenskaplike belydenis en taal, met net Afrikaans as voertaal, en die ander vir die kinders van Engelssprekende

- - - - - - -

1). F.A.K.- C.N.O.--beleid, opgestel en uitgegee deur die Instituut vir C.N.O.

ouers met Engels as voertaal.

"Ons glo dat die onderwys en opvoeding van die kind die plig en die reg van die ouers is, dat hulle, in samewerking met die kerk en die staat, dus oor die gees en rigting van die skoolopvoeding moet beslis, dat hulle skole volgens hulle lewens- en wêreldbeskouing moet oprig, in stand hou en beheer......

" Ons glo dat die skool sy reg en mag van onderwys en opvoeding van weë die ouers ontvang en dat dit dus die kinders volgens die lewens- en wêreldbeskouing van die ouer - in gemeenskap en in hul nasionale verband moet opvoed. Maar ons glo dat die skool sy funksie selfstandig moet kan uitoefen. Terwyl die huis en die kerk oor die gees en rigting van die skoolopvoeding beslis en die staat die peil daarvan bepaal en oor die regshandhawing op die skool reël, moet die skool weer soewerein in sy eie kring wees en dit wel ten opsigte van die metode van onderwys en opvoeding, d.w.s. dit moet selfstandig oor die inrigting van die leerplan, die onderwysmetode, die skooltug, ens., beslis.

"Ons glo dat die onderwyser plaasvervangend vir die ouer optree, waardeur ons die ere-status van die onderwyser erken. As die onderwyser nie 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing toegedaan is nie, is hy vir ons niks minder as die dodelikste gevaar nie."

(c) KRITIEK OP DIE C.N.O.-BELEID.

Hier volg 'n uittreksel uit professor M.C. Botha se kritiek op die C.N.O.-beleid, soos dit in die "Suiderstem" van 15 Februarie 1949 verskyn het en later uitgegee is deur Thelma Philip vir die Opvoedingsbond.[1)]

Ek vind dit betreurenswaardig dat daar oor die betekenis van die woorde Christelik en nasionaal getwis moet word, maar ek moet ronduit erken dat die uitleg wat in hierdie beleidstuk daaraan gegee word, vir my glad en geheel onaanneemlik is. In die breë sin van die woord vind ek dit selfs onchristelik, want dit is onverdraagsaam, onnasionaal en bedroewend bekrompe. Godsdiensvryheid is een van die hoekstene van ons beskawing.

Die voorstelle van die mosie op die kongres (van die Transvaalse Nasionale Party) het dan ook daarop gewys dat die apartheidsbeleid sonder hierdie onderwysbeleid niks sal beteken nie; waaruit duidelik blyk dat

1) Botha: Sal ons onderwys verpotchefstroom word?

Christelik- nasionale apartheid hier beoog word. Wat 'n affêre sal dit nie afgee nie!

Wat bedoel die skrywer van die voorwoord dan wanneer hy beweer dat die ware kultuurgoed nog nie in ons skole is nie en dat hulle atmosfeer kultureel vreemd is - 'n klinkende metaal en 'n luidende simbaal? Wil hy dat hulle van begin tot end teologies geïndoktrineer en nasionaal onchristelik ingerig moet word? Dat die vryheid van denke en van wetenskaplike ondersoek aan bande gelê word omdat die I.C.N.O. die Bybel wil misbruik vir fundamentele teologie? Dan moet hy na Nazi-Duitsland of kommunistiese Rusland gaan waar die soort ding sal gebeur, want dan het hy die essensiële van die Protestantisme en van die opvoedkunde nog nooit verstaan nie..... Die totaal-indruk wat ek daarvan het, is dat hier 'n poging aangewend word om ons, wat kerk, godsdiens en onderwys betref, na die middeleeue terug te plaas. Slaag die mense daarin, kry ons 'n twintigste eeuse Inkwisisie.

(d) <u>BESPREKING VAN DIE BOTHA-KRITIEK.</u>

In die vorige afdeling is Britse imperialisme bespreek. Die kritiek op die C.N.O.-beleid kan alleen in die lig van hierdie imperialisme verstaan word. Die imperialis sal die Afrikaner alles laat opoffer: sy taal, sy godsdiens, sy nasionalisme en sy kultuur. Nasionalisme soos die Afrikaner dit verstaan, is vir hom uit den bose. Dis bekrompe. Dis onchristelik en onnasionaal want die versper die weg tot <u>eenheid.</u> Hy knyp sy oë toe vir die feit dat in Suid-Afrika twee volksgroepe lewe, wat nie alleen wat volkskarakter betref uiterstes is nie, maar wie se hele lewensfilosofie en nasionale uitkyk hemelsbreed verskil. Die imperialis wil hierdie twee volksgroepe kunsmatig saamsmelt terwille van eenheid. Eenheid is 'n mooi woord, maar as dit bereik moet en <u>kan</u> word, moet die prys daarvan vroegtydig bepaal word, want op hierdie weg is daar geen terugkeer nie.

En so is dit dan dat die professor hierdie mense se gedrag "onnasionaal en bedroewend bekrompe" vind. Die Afrikaner se nasionalisme moet van so'n aard wees dat dit selfs die renegaat geen aanstoot gee nie. Groot en fundamentele episodes uit ons geskiedenis moet verswyg, verwater en "aangepas" word, sodat die veroweraar se

gevoelens gerespekteer kan word. Dit moet die imperialistiese doel dien. Dan is ons "broad-minded", eg-nasionaal, en strek dit tot alles wat IN DIE BREË SIN VAN DIE WOORD goed is.

Met ons godsdiens op skool gaan dit net so. Die Afrikaner moet óf Calvinisme behou óf ons moet almal tevredestel soos die "Springfield-plan" in die V.S.A. dit doen: "..... Protestant, Roman Catholic, and jewish teachers made invaluable contributions not only in ideas, but also in providing opportunities for pupils to learn through observation and experience. At the request of a number of her pupils, a Jewish teacher took them to the services at het Synagogue and explained the meaning of what they saw. Through the help of a Catholic teacher, an interfaith group attended mass at the Roman Catholic cathedral and afterwards visited at the rectory, where the service was explained to them." [1]

Thayer soek ook eenheid pleks van verdeeldheid en stryd. [2] In Chevy Chase, Maryland, kom die studie van godsdiens in sosiale studies voor. Die graad-tien Wêreldgeskiedenis word geOrganiseer op die basis van instellings, waarvan godsdiens natuurlik een is. Sommige van die probleme, wat bestudeer word, is waarom die mens godsdiens ontwikkel het, godsdienstige gewoontes wat voortbestaan het, hoe die kerk die bewaarder van standaarde geword het...... [3] ( Ek onderstreep)

Hierdie mense het 'n toestand m.b.t. die godsdiensonderwys geskep, wat niemand sal aanstoot gee nie. Dit sal ook professor Botha en sy denkgenote in die "breedste sin van die woord" tevrede stel. Net jammer dat daar geen godsdiens in sulke godsdiensonderwys is nie.

"Godsdiensvryheid" waarsku die professor, "is een van die hoekstene van ons beskawing". Die I.C.N.O. het dit nie in hulbeleidsverklaring gesê nie. Dit was onnodig, want hulle hele beleid is daarop gebaseer. Aan die Engelssprekende word absolute vryheid gelaat om oor sy eie lot te beskik. Hul wil dieselfde reg aan die Afrikaner gee. Mens gaan nie na Nasi-Duitsland of kommunistiese Rus-

1). Chatto and Halligan: The Story of the Springfield Plan, 72.
2). Thayer: Religion in Public Education, 164.
3). Ibid., 189.

land om "die soort ding" te sien gebeur nie. In die totalitariese staat word eenvormigheid ten koste van individuele of groepsvryheid op die volk afgedwing. ( In sover prof. Botha hier ook onregverdige, onnatuurlike en skadelike eenvormigheid wil bewerkstellig, lyk dit of hy maar liewer self na Nazi-Duitsland of kommunistiese Rusland moet gaan.)

Die I.C.N.O. wil nie die vryheid van denke en wetenskaplike ondersoek aan bande lê nie. Tewens, hul wil juis die reg van die Calvinis voorbehou om sekere feite VRY te interpreteer. As die professor die ewolusieleer op die student wil afdwing as onbetwisbaar en finaal, dan lyk dit nogeens of hy na Nazi-Duitsland en kommunistiese Rusland moet gaan, waar sulke dinge dan van owerheidsweë vir die student bepaal sou word. En die vermiste skakel is nog nie gevind nie.

Professor M.C. Botha beweer dat die I.C.N.O. nie die essensiële van die Protestantisme verstaan nie. Die I.C.N.O. se beleid is Calvinisties-Protestants. Protestantisme omsluit al die leerstellinge van al die Christelike kerkgenootskappe en honderde sektes, vanaf die half-Roomse Afrikaanse Kerk tot by die suiwer Calvinistiese Gereformeerde Kerk. IN DIE BREË SIN VAN DIE WOORD sou dit almal bevredig, as ons die "Springfieldplan" sou invoer, wat dan nog boonop voorsiening maak vir Joodse Roomse e.a. godsdienste. Maar die Calvinisme gedoog geen halfhartige Godsdiens nie. Die Professor verstaan nie die Calvinisme nie.

Die I.C.N.O., sê die professor, verstaan ook nie die essensiële van die opvoedkunde nie. Hierdie bewering verdien geen bespreking nie: dis duidelik dat hy onderwys in die diens van die wetenskap stel; die I.C.N.O. stel opvoedende onderwys in die diens van God en Vaderland en die wetenskap.

Die bewering dat die I.C.N.O. blanke apartheid voorstaan, is in sekere opsigte waar. Professor J.C. v. Rooy sê in die voorwoord van die I.C.N.O. se beleidsverklaring: "Ons wil geen taalvermenging, kultuurvermenging, godsdiensvermenging of rassevermenging hê nie." Langenhoven het dieselfde ding so uitgedruk: "Ons het ons transport (offisiële erkenning van Afrikaans in 1925) gekry; ons moet

ons halwe erfplaas met ywer bewerk en die skeidingslyn tussen ons en die besitters van die ander helfte met jaloerse waaksaamheid op sy plek hou en keer dat hulle nie oor tree nie".[1] Dis die standpunt wat prof. M.C. Botha as onchristelik en onnasionaal bestempel. Dit lyk so, maar om te bestaan of nie te bestaan nie, dit is die vraag, wat 'n kranke Christelik-nasionale volk moet beantwoord. As mens kyk in die rigting waarheen die Afrikanervolk die afgelope dertig jaar beweeg, besef mens met benouing, dat ons 'n krisistydperk belewe. Daar moet aksie geneem word.

Die skool was baie lank in diens van die imperialisme. Die Afrikanervolk het hom nodig om die Afrikanervolk te dien in die gees van opregte godsvrug en om die Afrikaanse gedagte uit te bou en te grondves.